t) Maylene 079 202 4361
t) Berdine 071 691 7747
t) 017 819 7207
f) 0866 180 962
e) hoeveldskou@gmail.com
w) www.ermeloskou.co.za
fb) https://www.facebook.com/Ermeloskou
Posbus 721
Ermelo
2350

ALGEMENE REËLS & REGULASIES VIR KOSSTALLETJIE-HUURDERS

1. **FEESDATUM** **7 – 9 Maart 2019**
2. **FEESTYE**
   Die verpligte daaglikse handelsure is 08:00 soggens tot 21:00 saans.
   Stalletjies mag onder geen omstandighede voor 21:00 saans sluit nie. 'n Boete, van die helfte van die huur van die stalletjie, sal uitgereik word indien u wel vroeër as die verpligte ure ontruim.
3. **PLASING**
   Voorlopige plasings word gedoen wanneer aansoeke ontvang word, maar **Ermelo Hoëveld LandbouFees** behou die reg voor om enige stalletjie in belang van die fees te verskuif. GEEN stalletjie word toegelaat om sonder toestemming van die Dagbestuur van plek te verwissel of met ander stalletjies uit te ruil nie. GEEN onderverhurings van stalletjies word toegelaat nie.
4. **BETALING**
   'n Deposito is betaalbaar MET DIE GOEDKEURING van 'n stalletjie. Deposito's word onder geen omstandighede terugbetaal aan die uitstaller nie, ongeag die omstandighede. As u 'n deposito in die Hoëveldse Skou Vereniging se rekening inbetaal het sonder 'n goedgekeurde tendervorm en kommunikasie tussen uself en die skoukantoor personeel nie plaasgevind het nie, is u deposito ook nie terugbetaalbaar nie. Geen bevestiging van 'n goedgekeurde stalletjie sal gedoen word sonder 'n voltooide kosstalletjie tendervorm en deposito, betaalbaar teen 15 November 2018.
   Die volle bedrag van die stalletjie is betaalbaar voor 1 Februarie 2019.
5. **SEKURITEIT**
   Ermelo Hoëveld LandbouFees verskaf voltydse sekuriteit vanaf Woensdag 6 Maart 2019 tot Sondag 9 Maart 2019 om 10h00. **Ermelo Hoëveld LandbouFees** aanvaar GEEN aanspreeklikheid vir enige verlies en / of skade wat u en / of enige persoon verbonde aan u stalletjie mag ly nie. Addisionele sekuriteitswagte kan gereël word op die uitstaller se koste.
6. **REGISTRASIE**
   Alle uitstallers moet registreer vanaf 10:00 tot 20:00 op Woensdag 6 Maart 2019 by die Feeskantoor op die Feesterrein. By registrasie word die nodige voertuig- en toegangsdokumente aan u uitgereik asook aanwysings na u stalletjie sal verskaf word. Alle stalletjies moet opgeslaan word op 6 Maart 2019.
7. **TOEGANGSKAARTJIES**
   Geen gratis toegangskaartjies word deur die skou voorsien nie. Elke werker en / of personeel is verantwoordelik vir sy eie toegangskaartjies by die hek. Geen 3-dag toegangskaartjies is beskikbaar nie.
8. **PARKERING**
   LET WEL: **GEEN** uitstaller se voertuig sal op die Feesterrein toegelaat word nie.
   SLEGS 1 (EEN) VOERTUIGPERMIT PER INSTANSIE SAL VOORSIEN WORD OM VOORRAAD IN TE RY.
   Geen parkering vir voertuie van werkers en / of personeel word voorsien nie.
9. **VERBETERINGS & VERSIERINGS**
   Enige verbeterings en / of versierings aan 'n stalletjie is vir die huurder se uitsluitlike verantwoordelikheid. Geen vaste strukture wat opgerig word mag na afloop van die skou verwyder word nie. Enige skade aan 'n stalletjie na afloop van die skou sal vir die huurder se rekening wees.
10. **KRAG & WATER**
    Enige basiese water- en kragtoevoer sal deur die skou komitee se kontrakteurs in stand gehou word. Enige addisionele water- en kragprobleme moet deur die huurders self hanteer word.
    Met die moontlikheid van kragonderbrekings, versoek ons dat elke kosstalletjie sover moontlik van gas gebruik maak en ook self 'n kragopwekker byderhand hou vir in geval van kragonderbrekings tydens die skou.
11. **ONTRUIMING**
    U mag onder **GEEN** omstandighede u stalletjie ontruim voor 21h00 op die laaste dag van die Fees nie.
12. **VERBLYF**
    U as uitstaller is verantwoordelik vir u eie reis- en verblyfreëlings. 'n Lys van gastehuise sal verskaf word.

ALGEMEEN:

U as uitstaller is verantwoordelik vir die netheid van u stalletjie.

Ermelo Hoëveld Landboufees behou die reg voor om uitstallers vir enige wangedrag, bv. harde musiek, nie-vanpasbare produkte, onwettige goedere of stowwe, die oortreding van bogenoemde reëls en regulasies, en dies meer. te vra om u stalletjie te ontruim.

GEEN 'BB guns', club guns', basies enige item wat 'n geweer voorstel asook enige vorm van laser, liggies, gewere, ens, sal **NIE** op die skou terrein toegelaat word **NIE**.

OP LAS: ERMELO SKOU VERENIGING DAGBESTUUR

KONTRAKBREUK:

Die uitstaller sal verantwoordelik wees vir alle regskostes indien dit nodig sou wees om regsstappe te neem vir enige regsprosedures wat mag spruit uit die termes van hierdie kontrak.

Hiermee aanvaar en onderneem ek,_____,ID_____ ,namens en verteenwoordigend van _____ (INSTANSIE), om bogenoemde reëls en regulasies te alle tye te respekteer, na te kom en dienooreenkomstig op te tree.

Ek bevestig voorts hiermee dat ek bogenoemde reëls en regulasies gelees het, dit deeglik verstaan, sekondeer en aanvaar.

_____ _____

UITSTALLER DATUM